





Invicta
HOLDINGS LIMITED

# Ongeouditeerde groepresultate

vir die ses maande geëindig 30 September 2006

- **Inkomste 34% hoër**
- **Verdienste per aandeel 38% hoër**
- **Dividende 22% hoër**
- **Sterk kontantvloei**

(Registrasienommer 1966/002182/06) Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika) (Aandelekode: IVT) (ISIN: ZAE000029773)

## Inkomstestaat

| | **Onge-ouditeerde ses maande geëindig 30 Sep 2006 R'000** | Onge-ouditeerde ses maande geëindig 30 Sep 2005 R'000 | % Verandering | Geouditeer jaar geëindig 31 Maart 2006 R'000 |
|---|---|---|---|---|
| Inkomste | **1 256 634** | 938 092 | 34 | 1 913 204 |
| Bedryfsinkomste | **105 488** | 90 161 | 17 | 197 843 |
| Rente en voorkeurdividend ontvang | **65 584** | 697 | | 21 396 |
| Finansieringskoste | **87 521** | (7 337) | | 40 552 |
| Wins voor belasting | **83 551** | 83 521 | | 178 687 |
| Belasting | **10 445** | 30 894 | | 53 522 |
| Wins vir die tydperk | **73 106** | 52 627 | 40 | 125 165 |
| Buiteaandeelhouers | **(316)** | 477 | | 290 |
| Toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **72 790** | 53 104 | 37 | 125 455 |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | **99** | 72 | 38 | 170 |
| **Verwaterde verdienste per aandeel (sent)** | **98** | 72 | 36 | 169 |
| **Vasstelling van wesensverdienste:** | | | | |
| Toeskryfbare verdienste | **72 790** | 53 104 | | 125 455 |
| Aanpassings – ná belasting en minderheidsbelange, waar van toepassing | | | | |
| – Wins uit verkoop van belang in filiaal | **(740)** | – | | – |
| – (Wins)/verlies uit verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **(340)** | 517 | | (29) |
| **Wesensverdienste** | **71 710** | 53 621 | | 125 426 |
| **Uitgereikte aandele** | | | | |
| Geweegde gemiddelde (000e) | **73 861** | 73 861 | | 73 861 |
| Aan einde van die tydperk (000e) | **73 861** | 73 861 | | 73 861 |
| Getal aandele waarop verwaterde verdienste per aandeel bereken is ('000) | **74 441** | 74 213 | | 74 246 |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | **97** | 73 | 33 | 170 |
| **Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)** | **96** | 73 | 32 | 169 |
| **Dividend per aandeel*** | | | | 68 |
| Tussentyds | **33** | 27 | 22 | 27 |
| Finaal | | | | 41 |

** In ooreenstemming met IVS10 is die finale dividend van 33 sent per aandeel deur die direkteure voorgestel, nie in die jaarlikse finansiële state weerspieël nie.*

## Balansstaat

| | **Onge-ouditeerde ses maande geëindig 30 Sep 2006 R'000** | Onge-ouditeerde ses maande geëindig 30 Sep 2005 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 31 Maart 2006 R'000 |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Niebedryfsbates** | **1 553 260** | 337 642 | 1 547 755 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **121 163** | 113 264 | 123 220 |
| Beleggings | **1 195 303** | 202 | 1 195 303 |
| Klandisiewaarde en ander ontasbare bates | **204 282** | 197 301 | 203 701 |
| Uitgestelde belasting | **26 824** | 21 187 | 19 843 |
| Lening ontvangbaar | **5 688** | 5 688 | 5 688 |
| **Bedryfsbates** | **1 032 473** | 800 205 | 949 924 |
| Voorraad | **672 300** | 566 937 | 633 901 |
| Rekeninge ontvangbaar | **360 173** | 233 268 | 289 655 |
| Banksaldo's en kontant | **–** | – | 26 368 |
| | **2 585 733** | 1 137 847 | 2 497 679 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| **Kapitaal en reserwes** | **767 714** | 663 745 | 718 531 |
| Gewone aandeelhouersfondse | **762 683** | 662 402 | 716 296 |
| Buite-aandeelhouersbelang | **5 031** | 1 343 | 2 235 |
| **Niebedryfslaste** | **1 212 436** | 15 770 | 1 203 060 |
| Langtermynlenings | **1 212 436** | 15 770 | 1 203 060 |
| **Bedryfslaste** | **605 583** | 458 332 | 576 088 |
| Bankoortrekkings en bankaksepte | **19 614** | 108 645 | 105 642 |
| Korttermynlenings | **18 916** | 5 212 | 19 984 |
| Rekeninge betaalbaar en voorsienings | **567 053** | 344 475 | 450 462 |
| | **2 585 733** | 1 137 847 | 2 497 679 |

## Kontantvloeistaat

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsbedrywighede** | | | |
| Kontant gegenereer uit werksaamhede | **199 558** | (8 736) | 98 372 |
| Finansieringskoste | **(87 521)** | (6 640) | (40 552) |
| Dividende betaal | **(30 235)** | (35 531) | (46 494) |
| Belasting betaal | **(13 793)** | (38 511) | (58 704) |
| Rente en dividend ontvang | **65 584** | – | 21 396 |
| Netto kontant-(uitvloei)/invloei uit bedryfsbedrywighede | **133 593** | (89 418) | (25 982) |
| **Kontantvloei uit beleggingsbedrywighede** | | | |
| Netto kontantuitwerking van bateverkrygings | **(3 635)** | (13 464) | (31 129) |
| Netto kontantuitwerking van ander beleggingsbedrywighede | **(60 559)** | (306 320) | (1 523 416) |
| **Kontantvloei uit finansieringsbedrywighede** | | | |
| Netto kontantuitwerking van aandele uitgereik | **–** | 271 505 | 271 505 |
| Netto kontantuitwerking van lenings verkry | **(9 739)** | 2 949 | 1 203 645 |
| Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente | **59 660** | (134 748) | (105 377) |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk | **(79 270)** | 26 103 | 26 103 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk | **(19 614)** | (108 645) | (79 274) |

## Aantekeninge by die finansiële inligting

**Grondslag van opstelling**

Die gekonsolideerde finansiële state is opgestel in ooreenstemming met IRS 34 Tussentydse Finansiële Verslagdoening- en Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFVS). Die hoofrekenkundige beleid soos uiteengesit in die Groep se jaarverslag van 2006, is konsekwent toegepas in die sesmaandeoorsigtydperk.

Segmentinligting oor hierdie besighede word hier onder uiteengesit:

## Staat van verandering in ekwiteit

| | **Onge-ouditeerde ses maande geëindig 30 Sep 2006 R'000** | Onge-ouditeerde ses maande geëindig 30 Sep 2005 R'000 | Geouditeer jaar geëindig 31 Maart 2006 R'000 |
|---|---|---|---|
| **AANDELEKAPITAAL** | | | |
| Saldo aan begin van tydperk | **3 693** | 2 894 | 2 894 |
| Uitgereikte aandele | **–** | 799 | 799 |
| Saldo aan einde van tydperk | **3 693** | 3 693 | 3 693 |
| **AANDELEPREMIE** | | | |
| Saldo aan begin van tydperk | **277 058** | 6 352 | 6 352 |
| Uitgereikte aandele | **–** | 270 706 | 270 706 |
| Saldo teen einde van tydperk | **277 058** | 277 058 | 277 058 |
| **OPGEHOOPTE WINSTE** | | | |
| Saldo aan begin van tydperk | **426 673** | 354 902 | 347 787 |
| Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **72 790** | 53 104 | 125 455 |
| Dividende betaal | **(30 282)** | (26 626) | (46 569) |
| Saldo teen einde van tydperk | **469 181** | 381 380 | 426 673 |
| **ANDER RESERWES** | | | |
| Saldo aan begin van tydperk | **8 872** | (152) | 8 042 |
| Voortspruitend uit die uitgifte van aandele-appresiasieregte | **3 634** | – | – |
| Voortspruitend uit die omrekening van buitelandse bedrywighede | **245** | 423 | 830 |
| Saldo aan einde van tydperk | **12 751** | 271 | 8 872 |
| Gewone aandeelhouersfondse | **762 683** | 662 402 | 716 296 |
| **BUITE-AANDEELHOUERSBELANG** | | | |
| Saldo aan begin van tydperk | **2 235** | 163 739 | 163 739 |
| Verdienste toeskryfbaar aan buiteaandeelhouers | **316** | (477) | (290) |
| Netto beleggings in filiale | **2 480** | (161 919) | (161 214) |
| Saldo aan die einde van tydperk | **5 031** | 1 343 | 2 235 |

## Ander inligting

| | | | |
|---|---|---|---|
| Skuld: Ekwiteit verhouding (%) (uitsluitend die langtermyn SEB-befondsingskuld gesekureer deur beleggings) | **7** | 20 | 18 |
| Depresiasie en amortisasie (R'000) | **11 088** | 10 691 | 22 566 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent | **1 032,6** | 896,8 | 969,8 |
| Tasbare netto batewaarde per aandeel (sent) | **756,0** | 647,9 | 694,0 |
| Kapitaalverbintenisse (R'000) | **2 600** | 2 646 | – |
| Voorwaardelike aanspreeklikhede (R'000) | **3 991** | 4 362 | 3 954 |

## Kommentaar

**Groepbedrywighede**

Die Invicta Groep is steeds 'n groot streeksrolspeler in die invoer en verspreiding van:

- Ingenieursverbruikersgoed bestaande uit laers, bande, seëls, kragtransmissieprodukte, ratmotore en -werwels (Bearing Man)
- Landboumasjinerie en -toerusting (Northmec en New Holland)
- Konstruksie- en grondwerktuie, grasperkversorgingstoerusting en gholfnutskarretjies (CSE)
- Motor- en motorfietsonderdele (Autobax)

**Finansiële oorsig**

Die Groep het verbeterde handelstoestande in alle sektore beleef, wat gelei het tot sterk groei in die Groep. Die Groep se omset het met 'n gesonde R319 miljoen (34%) toegeneem, waarvan R147 miljoen toeskryfbaar is aan New Holland (verkry op 1 April 2006). Bedryfsinkomste het met 17% tot R105 miljoen gegroei. Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers het met 37% tot R73 miljoen verbeter, wat beteken dat die verdienste per aandeel van 99 spa bereik is, 38% hoër as die vorige jaar.

Die masjienbouverbruiksgoedsektor vertoon positief na 'n paar jaar van minimale groei. Veral in die tweede deel van die oorsigtydperk het bedrywighede in die sektor toegeneem, danksy die swakker Rand wat toestande vir uitvoerders verbeter. Bearing Man se omset was 10% hoër op R638 miljoen en die bedryfswins het met 12% tot R79 miljoen toegeneem.

Die landboumasjineriesektor het aansienlik verbeter teenoor die vorige jaar en na verwagting sal daar hierdie jaar minstens 50% meer mielies geplant word as verlede jaar. Dit het bygedra tot Northmec se omset wat met 68% verbeter het vergeleke met die eerste helfte van verlede jaar. Die verkryging van New Holland het voorspoedig verloop, maar dit sal na verwagting nie voor die volgende finansiële jaar tot winste bydra nie. Gedurende die oorsigtydperk het dit 'n bedryfsverlies van R4 miljoen beleef (ná eenmalige herstruktureringskoste). New Holland sal na verwagting binnekort weer die voorloper in die landboumasjineriebedryf wees.

Die konstruksiemasjineriesektor ervaar steeds sterk groei, hoewel daar aanduidings is dat die tendens begin verstadig. Die verskafferkettingprobleme wat vroeër in hierdie divisie beleef is, is grootliks opgelos en die bestuur verwag dat verkope as gevolg daarvan sal toeneem. Die bedryf beleef egter strawwe mededinging, wat marges onder druk sal plaas.

Die Groep se fokus op kontantbestuur het tot aansienlik verbeterde kontantvloei gelei. Kontant gegenereer uit werksaamhede vir die sesmaande-tydperk was R200 miljoen, wat meer as dubbeld dié van die volle 2006- finansiële jaar is. Die skuld:ekwiteit-verhouding wat in September 2005 20% was, het dus tot 'n gesonde 7% verbeter.

Die tussendividend van 33 spa laat die Groep toe om terug te keer na sy beleid van drie keer dekking vir die tussentydperk, nadat hy verlede jaar daarvan afgewyk het met 'n tussendividenddekking van 2,7 keer. Die Groep se beleid vir die volledige jaar se dividende is om nie minder as twee en 'n half keer dekking te voorsien nie.

**Vooruitsigte**

Die algemeen verbeterde toestande in die sektore waarin die Groep bedrywig is, dui daarop dat die Groep se sterk prestasie in die tweede helfte van die finansiële jaar behoort voort te duur. Onderhandelinge vir die swartbemagtigingstransaksie vorder goed en die Groep hoop om onderhandelinge voor die einde van die finansiële jaar af te handel, onderworpe aan die vrystelling van die finale Gedragskode vir Breëbasisswartbemagtiging deur die staat.

Die bestuur sal steeds daarop fokus om bedryfsdoeltreffendheid te verbeter en geskikte verkrygings te identifiseer.

**Dr C H Wiese**
*Voorsitter*

**A Goldstone**
*Besturende Direkteur*
Kaapstad
17 November 2006

## Dividend

Hiermee word kennis gegee dat 'n tussendividend van 33 sent per aandeel verklaar is. Die laaste dag om met dividend te verhandel om in die dividend te deel, sal Vrydag, 1 Desember 2006 wees.

Die aandele van Invicta Holdings Beperk sal vanaf Maandag, 4 Desember 2006 sonder dividend verhandel, en die rekorddatum sal Vrydag, 8 Desember 2006 wees. Die dividend sal op Maandag, 11 Desember 2006 aan lede betaal word.

Aandelesertifikate mag nie van Maandag, 4 Desember 2006 tot en met Vrydag, 8 Desember 2006 gedematerialiseer of gehermaterialiseer word nie, albei dae ingesluit.

Die dividend van 33 sent per aandeel wat deur die direksie verklaar is, soos aangetoon in die aandele-inligting, word in ooreenstemming met IRS10 nie in die finansiële state weerspieël nie.

Op las van die direksie

**C Barnard**
*Sekretaris*

Johannesburg
17 November 2006

| | **Ingenieurs-verbruikersgoed** | **Kapitaaltoerusting en onderdele** | **Niesegment-toewysings** | **Totaal** |
|---|---|---|---|---|
| **Ongeouditeerde ses maande geëindig 30 September 2006** | | | | |
| Inkomste | **638 057** | **618 577** | **–** | **1 256 634** |
| Bedryfswins voor finansieringskoste, rente en voorkeurdividend ontvang | **79 277** | **25 772** | **439** | **105 488** |
| Balansstaat | | | | |
| Bates | **705 496** | **685 137** | **1 195 100** | **2 585 733** |
| Laste | **251 161** | **371 758** | **1 195 100** | **1 818 019** |
| **Ongeouditeerde ses maande geëindig 30 September 2005** | | | | |
| Inkomste | 580 847 | 357 245 | – | 938 092 |
| Bedryfswins voor finansieringskoste, rente en voorkeurdividend ontvang | 70 719 | 20 071 | (629) | 90 161 |
| Balansstaat | | | | |
| Bates | 659 901 | 477 946 | – | 1 137 847 |
| Laste | 240 975 | 233 127 | – | 474 102 |

Die groep het nie segmentinligting volgens geografiese ligging opgestel nie aangesien werksaamhede wesenlik binne Suidelike Afrika plaasvind.

bearing man Ltd INCORPORATING Fenner
NORTHMEC Established 1869
CSE
NEW HOLLAND
AUTOBAX

**GEREGISTREERDE KANTOOR**
Invicta Holdings Beperk
Eenheid 1A, Grondverdieping
Seardel Huis
Alphen Park
Constantiahoofweg
Constantia, 7806
Posbus 89
Constantia, 7848

**OORDRAGSEKRETARIS**
Computershare Investor Services 2004 (Edms) Beperk
Grondverdieping
Marshallstraat 70
Johannesburg, 2001
Posbus 61051
Marshalltown, 2107

**DIREKTEURE**
Dr CH Wiese*, A Goldstone, M Rose-Innes*, DI Samuels*, RE Sherrell*, AM Sinclair#
* Nie-uitvoerend # Alternatief

**BORG**
Deloitte & Touche Sponsor Services (Edms) Bpk

dynamoafrica200720615